



## Wat dit Beteken om 'n Sondaar te wees

Is jy partykeer stout?

*Alle* seuns en dogters is partykeer stout. Selfs liewe, klein *babatjies* is partykeer stout. En grootmense is stout.

Is dit baie verkeerd om stout te wees?

Ja, dis verkeerd om stout te wees, want dit is *sonde*.

Weet jy wat dit beteken?

Wanneer ons sonde doen, doen ons nie wat God eintlik wil hê nie. God het ons gemaak. Ons behoort aan Hom. Ons moet eintlik net *doen* wat Hy vir ons *leer* om te doen. Ons behoort te wees wat Hy *graag wil hê* ons moet wees. Ons behoort Hom *lief te hê*, en te *gehoorsaam - altyd*. Ons behoort Hom lief te hê, omdat Hy so wonderlik en goed is, en omdat *Hy ons liefhet*.

Toe Adam en Eva teen God gesondig het, en ongehoorsaam was om te eet van die vrug waarvan God gesê het om *nie* te eet nie, toe het die sonde God se *hele* pragtige wêreld kom bederf. Dit het vir Adam en Eva ook bederf. Adam en Eva het *sondaars* geword. Hulle het die duiwel in hulle harte toegelaat, en daarna *kon* hulle God nie meer gehoorsaam wees, soos Hy dit wou hê nie.

Toe Adam en Eva kinders gekry het, was daardie *kinders* ook sondaars. Elke baba is *gebore* met sonde in sy hart. Dit is hoekom 'n klein babatjie partykeer ook stout is. Is dit nie baie hartseer om te hoor nie?

As ons dinge doen waarvan God gesê het om dit *nie* te doen nie, dan doen ons sonde. As ons dinge *nie doen nie*, wat God *graag wil hê* ons moet doen, is dit ook sonde.

O ja, ons sondig baie gereeld teen God.

Baie kere *wil* ons God nie eens gehoorsaam wees nie. Ons wil net stout wees.

God moes seker maar ophou om Adam en Eva lief te hê toe hulle teen Hom gesondig het? En Hy kan ons seker ook nie liefhê nie, omdat ons almal sondaars is?

O, maar God is baie goed en genadig. Hy het *nie* opgehou om Adam en Eva lief te hê nie. Selfs toe Hy vir hulle gesê het dat hulle pyn en moeities en siektes sal kry, het Hy hulle steeds *liefgehad*.

God het vir Adam en Eva gesorg. En kan jy onthou dat Hy vir hulle eendag iets *wonderlik* beloof het? Hy het belowe om eendag 'n *Verlosser* te stuur om al die sondes weg te neem.

God wil nie hê dat seuns en meisies stout is nie. Maar Hy hou *nie* op om ons lief te hê as ons stout is nie. Hy *hou nie* van die stoute dinge wat jy doen nie. Hy haat die *sonde*, maar Hy het *jou* lief. Hy het jou so lief dat Hy die beloofde Verlosser gestuur het. Hy het Jesus gestuur, Sy Seun, om al jou en my sondes *weg* te neem.

O, ons behoort God so baie, baie lief te hê. Ons behoort Hom so baie lief te hê dat ons nie sondes *wil* doen nie. Hy is so goed vir ons!

### Gesels hieroor:

1. Watter mense is sondaars?
2. Wat was Adam en Eva se eerste sonde?
3. Wanneer het ons sondaars geword?

## **Die Bybel leer ons dat ons soos verlore skape is:**

*Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop.*

(Jesaja 53:6)

## **Wat ons kan lees:**

*1 Johannes 1:8-10*

## **Kom ons leer die 2de vers van die vorige les se lied.**

2. Vol van skuld en vol van skaamte  
is die mens vir God so bang...  
Tog roep Hy die mens weer nader -  
sonde kan nie voor Hom bestaan.  
Sonde-doen bring jou ver van God,  
bring soveel smart en soveel pyn.  
Maar 'n REDDER word beloof –  
Hy maak jou van jou sonde vry!

## **Gebed:**

*Here Jesus, ons is so bly dat U ons liefhet. Ek is bly dat U my liefhet al is ek stout. Vergewe my al die stoute dinge wat ek vandag gedoen het. Help my om U meer en meer lief te hê. Amen.*

### ***Deel 4: Bybelverse om te onthou***

Kan jy elkeen van hierdie Bybelverse verduidelik?

1. Die sonde is wetteloosheid (1 Johannes 3:4).
2. Julle sondes het SY aangesig vir julle verberg (Jesaja 59:2).
3. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop (Jesaja 53:6).

Marian Schoolland

© 2018  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*